# Die verband tussen prediking/erediens en die lewe van die gemeente*

TFJ Dreyer JR

## 1. INLEIDING

Die H E Algemene Kerkvergadering het aan die Predikantevergadering opgedra om te besin oor die bywoning van eredienste. Hierdie saak kan vanuit verskillende gesigspunte benader word. Die redes vir die verswakking van erediensbywoning, veral saans, kan byvoorbeeld gesoek word in die veranderde sosiale strukture van ons tyd, soos 'n gelaaide werksweek, gejaagde lewenstempo en ander faktore wat daartoe bydra dat die Sondag hoofsaaklik benut word as 'n ontspannings- en familiedag. Die probleem kan ook benader word vanuit die vertrekpunt dat die vorm van die erediens in ons moderne samelewing met al sy ander kommunikasiemoontlikhede, nie meer tred hou met die tyd nie en dus gewysig moet word. Dit kan egter ook so wees dat ons met hierdie en soortgelyke argumente wil wegskram van die realiteit dat 'n groot persentasie van ons formele kerklidmate besig is om kerklos en kerkloos te raak.

Elkeen van hierdie gesigspunte rondom die bywoning van eredienste regverdig seker 'n studie op sigself. Die bestuur van die predikantevergadering was egter van mening dat ons as beginpunt in hierdie besinning by 'n predikantevergadering eerlike selfondersoek moet doen na die gehalte van ons prediking as moontlike bydraende faktor tot swak bywoning van eredienste. In die reformatoriese kerke het die prediking nog altyd gegeld as die hartklop van die kerk en die kern van die erediens (Barnard, 1981, bl 251 vv). Vir die doel van hierdie referaat wil ons dit as uitgangspunt neem en daarmee saam konstateer dat al die ander eksperimente rondom die erediensvorm en die prediking 'n gewaagde spel is (vgl Hoenderdaal, 1977). Ek wil hier sonder vrees vir teenspraak die stelling maak dat die prediking, as dit werklik met teologiese erns, met volle inset van die persoon van die prediker, met inagneming van die toepaslike eise vir kommunikasie, met verdiskontering van die wêreld waarin ons leef en met 'n biddende vertroue op God en die werking

* Referaat gelewer voor die Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op 18 September 1984.

van sy Gees, nog steeds die mees Bybels-reformatoriese en "effektiefste" metode is vir die oordrag van die Woord van God aan sy versamelde gemeente in ons "moderne" wêreld.

Indien ons bogenoemde stelling as vertrekpunt van hierdie besinning sou aanvaar, is die logiese vraag wat daaruit voortspruit: Waarom word die prediking in die reformatoriese kerk so hoog aangeslaan en wat wil die kerk eventueel met sy prediking bereik? In dié verband slegs 'n paar stellings:

1. Prediking is die aankondiging (proklamasie) van die heil in Jesus Christus.
2. Hierdie aankondiging van die heil (kerugma) wil die volk van God oproep tot 'n antwoord op hierdie kerugma wat sal bestaan uit:

2.1 Die versekerdheid van die heil (H K vr 50).
2.2 Die viering van die heil (liturgie). Hierdie liturgie vind op Sondae plaas in die erediens en gedurende die week in die lewe van die gemeente (JI de Wet).
2.3 Die uitdra van die heil (Ef 4:11—16, vgl ook JJ de Klerk: 1977, bl 77 vv).

Die prediking wil dus die volk van God opnuut verseker van die heil, hulle daartoe bring om vanuit die verlossing in Jesus Christus elke dag in dankbare gehoorsaamheid te leef en ook die verlossing deur woord en daad aan ander te verkondig. Daarom sal die prediking die mens ook voortdurend oproep tot bekering, om sodoende die doel van die prediking te laat realiseer. Die opsigtaak van die ampsdraers (ouderlinge en predikante) is weer daarop toegespits om te kontroleer of die kerugma in die lewe van die gemeente gekonkretiseer het (Kerkwet, Bep 101.2 en 167.1).

Prediking is nie 'n vae en doellose onderneming nie, maar gerig aan 'n bepaalde adres, met 'n spesifieke doel. WD Jonker handel oor die misnoeë wat daar by baie mense oor die prediking bestaan (WD Jonker 1976). "Al is dit dus ook waar dat daar baie meer faktore op die spel is by die vraag na die geslaagdheid van die prediking, is dit logies om sy aandeel (die predikant) daaraan as van beslissende betekenis te beskou en op die vraag in te gaan of hy sy opdrag op die regte manier uitvoer.

Daar is 'n groot aantal beskuldiginge wat in hierdie verband aan sy adres gerig word. Sommige gemeentelede vind die prediking te droog en vervelend, te dogmaties of te abstrak; ander vind dit

oppervlakkig en onsamehangend, 'n herhaling van allerlei gedagtes, sonder direkte betrekking op die lewe van elke dag ....

Een van die grootste beskuldiginge wat teen die predikant ingebring word, is dat die swakheid van sy prediking die resultaat van sy eie gebrekkige geestelike lewe is .... Sommige gemeentelede sal sê dat die predikante nie uitleef wat hulle verkondig nie; dat hulle klaarblyklik nie eksistensieel ervaar wat hulle as die waarheid van God se Woord.op die kansel aan andere voorhou nie, dat hulle op 'n formalistiese wyse met 'n aantal Christelike clichés werk, waarvan 'n mens nie die gevoel kry dat dit met realiteite in hulle eie geestelike lewe te make het nie" (WD Jonker, 1976, bl 14 & 15).

Hierdie en ander soortgelyke opmerkings rondom die prediking, kan nie konsekwent as maatstaf geld vir die kwaliteit van ons prediking nie. Baie van hierdie argumente is gebaseer op subjektiewe vooroordele van lidmate. Dit is ook waar dat die kwaliteit van die prediking nie gemeet kan word aan voor- of afkeure van mense nie, omdat die Woord van God juis dikwels indruis teen menslike voorkeure. Op hierdie wyse kan ons dus maklik sulke besware elimineer en as predikers ons isoleer in 'n ivoortoring van onaantasbaarheid.

Eerlike selfondersoek in die lig van die Woord pas by 'n reformatoriese kerk en daarom kan dit alleen heilsaam wees om 'n keer te luister na bestaande vooroordele en onsself die vraag af te vra of sulke besware nie ook waarheidsmomente bevat nie? Prediking beantwoord alleenlik aan sy doel as dit die adres van die gemeente bereik het en hulle oproep en bou om hulle geloof konkreet in die wêreld te gaan uitleef. Sou ons met vrymoedigheid kan sê dat die mense wat Sondag ons prediking gehoor het, werklik daardeur geïnspireer en gemotiveer is om dit te gaan uitleef? Miskien is hulle wel gemotiveer, maar het ons vir hulle gesê hoe hulle dit moet doen of het die kerugma blote teorie gebly, omdat ons nagelaat het om die praktiese konsekwensies te trek? Miskien lê die probleem nog dieper: Het die kerugma ons self aangespreek en getuig ons eie lewe daarvan dat ons dit uitleef? 'n Ander gevaar is dat ons miskien dink dat ons aan al die voorwaardes voldoen het, maar dat ons nalaat om te probeer vasstel of die gemeente ons ook so verstaan het! Dalk is ons prediking tegnies-teologies korrek, dalk slaag ons daarin om dit te konkretiseer en duidelik te stel, maar die wyse waarop ons dit oordra – lusteloos, ongemotiveerd, lesingagtig, met aangeplakte erns, ens – laat dit skipbreuk ly.

As ons dus wil praat oor die bywoning van eredienste, is dit

duidelik dat erediensbywoning verband hou met die vraag of die prediking in die erediens op die lewe van die gemeente konstruktief gerig is en die adres bereik? Is daar nie dalk van ons getroue kerkvolk wat twee maal per Sondag wel die erediens bywoon uit pligsbesef, verantwoordelikheid en lojaliteit, maar tog nie die konsekwensies van die prediking in hulle lewe besef nie? 'n Ander groep het nie meer daardie pligsbesef en lojaliteit nie en omdat die prediking in gebreke bly om hulle in hulle konkrete lewe van elke dag aan te spreek, woon hulle slegs die erediens sporadies of glad nie by nie! Hiermee wil ons nie beweer dat daar nie ook in die erediensbywoning die element van gewoonte, pligsbesef en dissipline is nie. In die volgende lesing word daar juis gehandel oor die opsig rondom die erediensbywoning, daarom gaan ek nie verder daarop in nie.

In hierdie gedeelte wil ons spesifiek besin oor die kwaliteit van die prediking in ons kerk. Alle relevante probleme kan uit die aard van die saak nie in die bestek van een lesing aangeraak word nie. Ek wil daarom slegs 'n paar aspekte aantoon wat dalk daartoe kan bydra om in ons worsteling met die prediking, meer helderheid te bring. Die knellende vraag by die preekvoorbereiding bly steeds: Hoe moet ek hierdie kerugma van die teks verstaan, oordra, aktualiseer en kommunikeer sodat dit 'n kerugma sal word (deur die werking van die Gees), wat die gemeente van God in 1984 sal aanspreek? Watter weg moet ek bewandel vanaf die teks na die kommunikasie van die kerugma?

By 'n vorige predikantevergadering is gehandel oor die akademies-teologiese metodes van eksegese, daarom wil ek dit daarby laat. In hierdie hermeneutiese gebeure tussen teks, prediker en gemeente wil ek kursories aan 'n paar aspekte aandag gee.

1. Meditasie, gebed en geloof as deel van die hermeneutiese proses.
2. Die vasstelling van die skopus, die kerugma en formulering van 'n preekdoel.
3. Konkretisering en/of aktualisering van die kerugma.
4. Dialogiese oordrag.
5. Evalueringsmoontlikhede.

## 1. Meditasie, gebed en geloof as deel van die hermeneutiese proses

Vir die homileet is die eksegese deel van die hermeneutiese proses. Eksegese is nie net 'n blote akademies-literêre worsteling om 'n antieke geskrif in sy historiese konteks te verstaan nie. Die herme-

neutiese prinsipe wat vir die homileet in sy eksegese geld, is dat hy in sy worsteling met die teks die Woord van God sal verneem wat tot hom spreek en daarom ook tot die gemeente. Van Aarde stel dit so dat daar in die eksegetiese proses, 'n kommunikasie-gebeurtenis moet plaasvind: "Die resultate van hierdie hermeneutiese proses (= kommunikasie-gebeurtenis) wat tussen hermeneut en teks voltrek is, word in die preek aan die gemeente weer eens kommunikeerbaar gemaak" (1983, bl 5). Daarom is dit noodsaaklik dat 'n teks gepreek moet word, wat die prediker aangespreek het (vgl Pieterse, 1979, bl 88). "So gesien is die hermeneutiek (as 'historiese verstaan' en kommunikasie) en prediking, één proses, naamlik die 'samesmelting van kontekste' ('Horizontverschmelzung') die samesmelting van die verstaanshorison van die homileet en van die gemeentelid met die intensie van die teks in 'n nuwe materiële vorm" (Van Aarde 1983).

Hierdie noodsaaklike interaksie tussen prediker, teks en gemeente, word in vroeëre homiletiese geskrifte weergegee met die begrip "meditasie". Onder die term "meditasie" verstaan ons nie 'n ongekontroleerde, irrasionele denke wat deur inkeer tot die eie innerlike, probeer om tot 'n dieper kennis van die waarheid te kom nie. "Ons sou die meditasie kan beskryf as 'n ontmoeting wat daar in die bewussyn van die predikant plaasvind tussen die boodskap van die teks en die konkrete lewe. Daarom is die meditasie van soveel belang vir die prediking. Daarsonder bly die eksegese in 'n groot mate abstrak en lewensvreemd" (WD Jonker, 1976, bl 73). In die meditasie loop die konfrontasie tussen teks en hede dus uit op 'n getroffenheid van die prediker in sy eksistensie (Schütz 1968, bl 13). Die eksegese bly egter die maatstaf vir die gedagtes wat daar loskom. Die eksegese toets voortdurend of die gedagtes in lyn is met die intensie van die teks. Die eksegese is dikwels korrigerend en ook konfronterend ten opsigte van die meditasie. Meditasie is 'n proses wat dwarsdeur die preekwordingsproses loop, vanaf die eksegese tot by die uiteindelike oordrag van die preek.

Hierdie meditasie as deel van die hermeneutiese proses tot verstaan en vertolking van die Skrif, is nie 'n vanselfsprekende saak nie, maar is alleen moontlik deur die werking van die Heilige Gees (1 Kor 25:11–14; Joh 16:13; Ef 1:17). R Bohren lê geweldig klem op die werking van die Gees as voorwaarde tot verstaan van die Skrif (1974, bl 65–89, 128–142). Calvyn lê ook klem op die noue verbintenis tussen Skrif, prediking en Heilige Gees.

Meditasie is dus 'n saak van geloof en gebed: Die eie geloofsbely-

denis dat God my deur sy Woord kan en wil aanspreek in my konkrete lewe en dat ek gehoorsaam daarop wil antwoord; die gebed om die werking van die Gees tot "verstaan" van die teks en tot die "verstaanbaar maak" van daardie teks aan sy gemeente in hulle lewensituasie. Meditasie het egter ook die faset van vierkantig in die wêreld te staan met al die vrae en nood van ons tyd.

Hierdie meditasie is van meet af aan deel van die hermeneutiese proses. Hierdeur word verseker dat in die prediking as monoloog tog reeds 'n dialogiese moment ingebou is, omdat die prediker van die begin af ook gerig is op die gemeente, meer nog, deel is van die gemeente wat volgende Sondag die Woord moet hoor. Dan is die prediking nie vreemd en adresloos nie, maar 'n kerugma wat in die geloof deurworstel is vanuit die konteks van die gemeente. (Vgl Thomas, 1976, bl 15–26.) Vrae wat in die meditasie 'n rol speel, is byvoorbeeld: Wat beteken die teks; wat wil die kerugma bereik by die hoorders van toe en nou; watter belewing, aksie, ervaring wil dit teweegbring; wat sê die kerugma vir myself? Ek kan alleen waag om vir ander die lyne van die kerugma te trek as ek eers die vraag beantwoord het hoe my eie lewe daar sal uitsien as hierdie heilvolle handeling van God voltrek is (Thomas, 1976, bl 48–54). Iets van hierdie eie worsteling met die teks al dan nie, sal ook indirek in die prediking deurslaan en bydra tot die egtheid of valsheid van my eie prediking.

Waar vind hierdie meditasie en gebed plaas? Het dit nie al by baie van ons 'n formalistiese handeling geword, wat beperk is tot die trappies van die preekstoel nie? Ware meditasie begin by my eie geloofs- en gebedslewe in die binnekamer. Is ons probleem nie dalk dat in ons studeerkamer daar net gestudeer word en nooit gebid word nie?

Wanneer die meditasie as deel van die hermeneutiese proses verwaarloos word, verword die prediking tot 'n abstrakte lesing, 'n lewensvreemde teologisering, of dalk 'n interessante en boeiende praatjie. Al sou ons dit dan ook vanaf die kansel oordra met skynbare erns en entoesiasme sal ons die onegtheid en lewensvreemdheid nie vir die gemeente kan verbloem nie. Die eie geloofslewe van die prediker is in baie opsigte die barometer vir die egtheid van sy prediking.

## 2. Die vasstelling van die skopus, die kerugma en die formulering van 'n preekdoel

'n Probleem in die prediking is dat ons dikwels "oor" 'n bepaalde teks preek, allerlei wetenswaardighede rondom die teks meedeel, of parafraserend die Bybelgedeelte oorvertel, maar nooit daarby kom om die essensiële kerugma aan die gemeente te verkondig nie. Wanneer hierdie kerugmatiese spits in die prediking ontbreek, word die preek 'n aantal los gedagtes, wat wel op sigself treffend mag wees, maar geen verband met mekaar hou nie. Die gemeente het dan wel mooi en treffende dinge gehoor, maar weet nog nie watter implikasies die kerugma van die teks vir hulle het nie. Hierdie probleem kan alleenlik in die preek vermy word indien die prediker vooraf, nadat hy deur die eksegese en meditasie die skopus en kerugmatiese spits bepaal het, ook 'n preekdoel formuleer wat dan die strategie van sy preek sal bepaal.

Dit is nodig om eers kortliks 'n omskrywing en illustrasie van genoemde begrippe te gee aan die hand van Psalm 2 as voorbeeld.

### *2.1 Skopus*

Deur die verskillende eksegetiese metodes, word die skopus van die teks blootgelê. Hierdie skopus word ook aangedui met begrippe soos die intensie, die gerigtheid, die eiesoortige blikrigting van die teks (vgl Pieterse, 1979, bl 110 vv; Jonker, 1976, bl 72 vv). Met die bepaling van die skopus val daar 'n eksegetiese beslissing, dit lê bloot wat die spesifieke bedoeling van die teks is. Die skopus is die doel wat met die teks bereik wil word. Waarom sê die teks dit in 'n spesifieke situasie? Die skopus is die verbesondering van die teks se bedoeling. Vanuit die skopus moet die teks besien en verstaan word. Vanuit die eksegese van Psalm 2 kan ons die skopus van die teks as volg formuleer. Dié psalm wil die mens waarsku en vermaan tot onderdanigheid aan Jahwe.

### *2.2 Kerugma*

Die skopus dui die doel aan wat met die teks bereik wil word. Die kerugma is dan die inhoud van die teks, die boodskap wat dit verkondig om die gewenste doel (skopus) te bereik. Hierdie kerugma word gedra en onderbou deur 'n bepaalde kerugmatiese struktuur. Hierdie kerugma word gekonstrueer deur 'n aantal samehangende gedagtes in 'n bepaalde verband, wat dan saam die kerugma dien en

bevorder. Hierdie kerugmatiese struktuur kan ons die maklikste illustreer deur dit skematies voor te stel aan die hand van die voorbeeld van Psalm 2.

Hierdie kerugma dat Jahwe regeer en dat opstand vergeefs en dwaas is, word onderbou deur die kerugmatiese struktuur soos skematies voorgestel. Hierdie kerugma in sy onderlinge samehang dien dan die skopus van die-teks om die mens te vermaan tot onderdanigheid aan Jahwe.

Die kerugmatiese struktuur sal dan as basis dien vir die inhoud van die prediking. Uit die aard van die saak sal hierdie kerugmatiese struktuur verder teologies ingeklee moet word vanuit die skopus van die hele Skrif, byvoorbeeld die wyse waarop God vandag die wêreld regeer, ens. Die teologiese inkleding wil ek nie verder behandel nie, aangesien dit vir ervare predikers geen probleem behoort te wees nie.

### 2.3 *Preekdoel*

Dit is noodsaaklik dat die prediker vir homself met die oog op sy prediking, vanuit hierdie gegewens 'n preekdoel formuleer. Dit het deesdae in ons kerk mode geword om oor die hele perikoop, byvoorbeeld in hierdie geval Psalm 2, te preek, sonder aankondiging van 'n bepaalde teks. Die gevaar dreig dan dat die preek 'n klomp losstaande gedagtes is, wat nie afgestem is op 'n bepaalde preekdoel wat die kerugma eventueel beoog nie. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n preekdoel geformuleer word. Die preekdoel is dan die samevatting van dit wat met die kerugma beoog word en sal in bedoeling moet ooreenstem met die skopus van die perikoop. In die geval van Psalm 2 kan ons byvoorbeeld die preekdoel as volg formuleer: Om aan die gemeente te verkondig dat dit dwaas is om teen God in opstand te kom, want Hy regeer en alleen onderdanigheid aan Hom bring ware geluk. Die preekdoel sal dan uiteindelik die strategie van die prediking bepaal, byvoorbeeld: Vanuit watter invalshoek sal ek die hoorders benader; watter eksegetiese gegewens moet ek gebruik om die preekdoel te bereik en watter gegewens kan ek weglaat; watter woorde of woordgroepe sal in die lig van die preekdoel meer verduideliking verg; watter kerugmatiese gegewens sal ek in die huidige situasie moet konkretiseer, ens?

Die preekdoel sal dus stilswyend die gang van die prediking bepaal en oorheers. Ek wil daarom pleit dat vanuit hierdie preekdoel 'n teksvers uit die perikoop gekies word waarin hierdie preekdoel

**PSALM 2**

**Skopus: Vermaning tot onderdanigheid aan Jahwe**

↓

**Kerugmatiese struktuur**

| **Konings en nasies**<br>**Sondige houding** | | **Jahwe**<br>**Kerugmatiese spits** | | **Konings en nasies**<br>**Verwagte reaksie** |
|---|---|---|---|---|
| v 1–3:– Wil vry wees<br>– Juk afgooi | | v 4–6:– Lag oor vergeefse opstand<br>v 7–9:– Hy regeer via gesalfde<br>– Sal hulle verpletter | | v 10–12:– Dien met ontsag<br>– Vrees en bewing toejuig<br>– Onderdanig wees |
| Indien verwagte reaksie bereik word, sal dit met hulle goed gaan, in teenstelling met aanvanklik dwase optrede om oënskynlik vry te wil wees. | ⟷ | v 12 – By Hom skuil | ⟷ | – Goed gaan |

die beste verwoord word, byvoorbeeld in Psalm 2:11: "Julle moet die Here met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig ...." Hierdie teksvers en preekdoel vrywaar die prediker grotendeels van onsamehangende preke sonder 'n kerninhoud. Die teksvers dien tegelyk die doel dat dit die gemeente se gedagtes van die begin af rig op die preekdoel en ook die inhoud van die preek vir die hoorder vasknoop aan 'n uitspraak van die Woord van God, wat daarom ook deur die gesag van die Woord van God gedra word.

Wanneer hierdie werkwyse gevolg word, is dit duidelik dat die besware teen 'n teksvers, naamlik dat dit uit sy verband losgemaak word, verval. Die teksvers wil dan juis die skopus, die kerugmatiese struktuur en die preekdoel dien. As die preekdoel gebruik word om die eksegetiese gegewens mee te sif, sal ons nie die gemeente belas met allerlei eksegetiese kwessies en vrae wat wel vir die verstaan van die teks vir die prediker noodsaaklik was, maar in die oordra van die kerugma vir die gemeente teenproduktief is nie. Is baie van ons preke nie juis vaag, doelloos en onsamehangend, omdat ons self nie weet waarheen ons met ons preek op pad is nie? Die formulering van 'n preekdoel kan ons grotendeels daarvan vrywaar.

### 3. Konkretisering en/of aktualisering van die kerugma

Ons het in die inleiding die bewering gemaak dat dalende bywoning van eredienste dalk te wyte kan wees aan die feit dat die prediking nie daarin slaag om mense in hulle konkrete lewensituasie aan te spreek nie. Vir die gemeente gee die prediking moontlik die indruk van 'n stukkie teologiese gimnastiek van die kant van die prediker, terwyl dit vir hulle lewensvreemd bly. Die indruk kan by die gemeente ontstaan dat die prediking nie veel te make het met sy lewe buite die erediens nie. Miskien besef die hoorder wel dat die preek hom aanspreek in sy lewe, dat dit van hom 'n antwoord verwag, maar die antwoord realiseer nie in sy lewe nie, omdat hy nie die vermoë het om die konsekwensies van die kerugma op sy eie lewe van toepassing te maak nie. Die probleem van erediensbywoning en prediking kan dus moontlik geleë wees in die gebrek aan konkretisering of aktualisering van die kerugma.

Die sg "aktuele prediking" het in die verlede en tans nog baie predikante daartoe verlei om van 'n aktuele preek iets anders te probeer maak as 'n gewone preek. Onder aktuele prediking word dan verkeerdelik verstaan dat dit 'n ander soort preek is, gewoonlik gesentreer om 'n aktuele tema uit die media. Hierdie "soort" predi-

king loop die gevaar om bloot temaprediking te word. H Jonker (bl 20) maak die pragtige onderskeiding tussen aktuele en aktualistiese prediking: Hy sê dat dit nie nodig is om die preek aktueel te maak nie, die kerugma is in sigself aktueel. Daarom wys hy a priori 'n sekere krampagtige houding van "gewilde" aktualiteit af. Die houding van 'n krampagtige "gewilde" aktualiteit dui hy aan met die term "aktualistiese preek". "Een actualistische preek is de wansmaak van de actuele preek, zoals kitsch de wansmaak is van de kunst .... Actualisme is de mislukking van de actualiteit." Elke preek behoort in sigself aktueel te wees. "De actuele prediking laat de kracht van het Woord gelden in het heden, is 'in actu', d w z werkend, handelend, geldend, zingevend. Ze houdt zich bezig met de problematiek van de huidige tijd, spreekt de taal van de moderne mens, appelleert aan het levensgevoel en denkklimaat van deze eeuw en oriënteert zich aan de gesteldheid van de concrete situatie" (bl 21). Hierdie opdrag veronderstel telkens 'n artistieke skepping, 'n inleef in die teks en 'n inleef in die lewensproblematiek van die gemeente.

Met konkretisering of aktualisering bedoel ons dus dat die prediking nie net bly vassteek by vae algemeenhede nie, maar konkreet en aktueel moet ingaan en gestalte kry in die wêreld van vandag – sonde is immers 'n konkrete saak, net soos verlossing ook 'n konkrete gebeure is. Dit bly seker die moeilikste saak vir die prediker, omdat hy self deel is van hierdie werklikheid, maar dit bly nou maar die "waagstuk van die prediking", waarvoor die prediker nie mag terugdeins nie.

Om weer terug te keer na Psalm 2 – die prediker kan na pragtige vooraf-eksegese in sy prediking die kerugma oordra deur te sê: Die mens is geneig om teen God in opstand te kom en die juk van onderdanigheid aan God af te gooi. Dit is egter tevergeefs en dwaas, want God regeer deur middel van sy Woord en Gees in en deur Jesus Christus. Dit is dwaas, God lag daarvoor, want Hy kan die opstandige mens verpletter. Daarom moet die mens God gelowig gehoorsaam wees met ontsag, vrees en bewing. Hierdie onderdanigheid blyk ook daaruit dat ons God sal dien met toejuiging en aanbidding. As ons so by die Here skuil en in onderdanigheid aan Hom lewe, sal dit met ons goed gaan.

Hierdie kerugma is wél teologies-eksegeties korrek, maar het nog nie konkreet geword nie. Sal die gemeente die konklusie kan trek en insien in watter opsig ons vandag die juk van onderdanigheid aan God wil afgooi? Om die kerugma te konkretiseer, lyk dit vir my

noodsaaklik om dit te illustreer aan die hand van enkele voorbeelde: Die mens wil juis vandag vry en ongebonde lewe, sonder die juk van onderdanigheid aan God. 'n Mens merk hierdie sondige strewe byvoorbeeld in die huwelik, waar die huwelik as instelling van God as 'n juk beskou word, wat verbreek moet word. Ons vind dit onder ons eie mense dat saamwoon aan die orde van die dag is, vrye liefde binne en buite die huwelik is dikwels algemene praktyk. As voorbeeld kan ook gebruik word die kuns of die ekonomie, waar die mens ook vry wil wees van die juk van God. Deur hierdie of soortgelyke konkretisering besef die gemeente van meet af dat die kerugma van Psalm 2 *alles* met sy lewe te make het. 'n Mens sou dit ook aan die gemeente moet uitspel op watter wyse God vandag regeer, naamlik deur sy Woord en Gees. Onderdanigheid aan God beteken dus onderdanigheid en gehoorsaamheid aan die eise van sy Woord. Hierdie onderdanigheid blyk o a ook uit die ontsag wat ons vir God het, dat ons Hom ook met vrees en bewing dien. Die gehoorsaamheid aan God kan dan weer aan die hand van die gekose voorbeeld, soos die huwelik, gekonkretiseer word. Die element van toejuiging kom veral voor in die liturgie tydens die erediens en huisgodsdiens. Wel wees en geluk van die mens is dus nie geleë in outonomie nie, maar daar waar die mens by God skuil. Moet dus nie toelaat dat ons mislei word deur die dwase gees van ons tyd om God se juk af te gooi nie, want dit bring geen geluk nie, ens.

Is ons bereid om die "waagstuk" van konkretisering of aktualisering aan te gaan, of ontduik ons die probleem deur vas te steek in vaaghede en teologisering? Wanneer hierdie verband tussen die kerugma en die konkrete situasie nie tot sy reg kom nie, lei dit daartoe dat mense hulle nie meer betrokke voel by die prediking nie en dat hulle lewe nie meer getuig van die Woord wat hulle gehoor het nie. Daar is dus 'n onlosmaaklike verband tussen erediensbywoning/prediking en die lewe van die gemeente, wat weer onder die opsig gekontroleer kan en moet word.

### 4. Dialogiese oordrag

Die prediker kan dit erns maak met die voorbereiding van sy preek in al die genoemde fasette, maar sy preek kan nogtans skipbreuk lei in die oordragsituasie. In ons tyd word baie besware ingebring teen die monologiese vorm waarin die prediking binne die erediens plaasvind. Vanuit die moderne insigte in die kommunikasieproses,

word vyf faktore genoem wat in hierdie proses konstituerend en deurslaggewend is:

1. die sender,
2. die ontvanger,
3. die medium (kanaal),
4. die boodskap en
5. die terugkoppeling ("feedback").

In die prediking as monoloog, ontbreek die element van terugkoppeling of "feedback". Hierdie terugkoppeling byvoorbeeld in 'n gesprek, dien daartoe dat misverstande uit die weg geruim word en regstellings gemaak word, sodat beide sender en ontvanger in die proses van kodering en dekodering tot dieselfde verstaan van die boodskap kom (vgl hiervoor: Thomas, 1976, bl 85 vv; De Klerk, 1977, bl 88 vv). In die prediking as monoloog ontbreek die moontlikheid van terugkoppeling en word op grond daarvan aanvaar dat die prediking as kommunikasiemiddel uitgedien is. Vanuit hierdie uitspraak word dan ook allerlei eksperimentele eredienste gehou in die vorm van gesprekke.

Alhoewel die prediking monologies in vorm is, kan dit nogtans 'n dialogiese karakter openbaar. Dit lê ook reeds opgesluit in die term "homilia", wat aanduiding is van 'n gesprek. As ons alles in ons vermoë doen om hierdie dialogiese aard van prediking in die oordrag en kommunikasie na vore te bring, het die prediking daarop aanspraak dat dit 'n geslaagde kommunikasiewyse is. Die veld is te wyd om hier op alle besonderhede in te gaan. Enkele tersaaklike opmerkings kan egter verhelderend wees.

As prediking dialogies van aard moet wees, beteken dit dat die prediker in sy voorbereiding vrae en besware van die hoorder moet antisipeer. Hierdie antisipering van vrae sal ook in die oordrag moet deurskemer. Dit beteken dat die prediker sy mense en hulle lewensvrae moet ken. Daarom is daar 'n onlosmaaklike wisselwerking tussen prediking en pastoraat. Die predikant sal ook moet leer om homself te aanvaar en homself te sien in die regte verhouding met die gemeente – nie as een tenoor die gemeente nie, maar as deel van die gemeente. Hy hoef homself nie beter voor te doen as wat hy is, omdat hy die gemeente as 'n bedreiging ervaar nie. Die prediking is dan nie net die gebeure waar hy as "sender" teenoor die ontvanger staan nie, maar hy is saam met die gemeente ontvanger van die

boodskap van die Groot "Sender". Hierdie aspek van persoonlik luister en worstel met die Woord sal ook in die prediking reflekteer.

Dit bevorder die dialogiese kwaliteit van die prediking as die gemeente besef dat die prediker self ook as mens van sy tyd met die boodskap geworstel het. Hierdie dialogiese aspek kan natuurlik kunsmatig gewek word met sekere opmerkings en stellings, soos: U het seker ook al die vraag gevra; is dit vir u ook 'n probleem, ens? Die dialogiese vrae en opmerkings het egter geen effek as dit nie gedra word deur die inhoud van dit wat gesê word nie.

Die "sukses" van die preek word ook nie bepaal deur die gebruikmaking van die woordjie "ek" nie, maar of dit wat "ek" sê ook deur my houding (gesigsuitdrukking, gebare, lewe) geborg word. Die gemeente sal nie deur die prediking aangegryp word, as die prediker self nie ook daardeur aangegryp is nie. In hierdie verband is dit goed om net daarop te wys dat onegte toneelspel in die prediking soos vetkolle deurslaan.

Indien ons die dialogiese aard van die prediking wil bevorder, is die vrye oordrag van die prediking belangrik. WD Jonker het in hierdie opsig behartenswaardige dinge geskryf, wat elke prediker gerus 'n slag kan lees (Jonker, 1976, bl 99 v). Baie predikers deins daarvoor terug omdat hulle sê hulle kan nie, maar as die prediker wat die preek uitgewerk en geleer het, nie in staat is om die inhoud grotendeels vry weer te gee nie, is dit onbillik om te verwag dat die gemeente, wat die preek slegs een maal gehoor het, dit moet onthou. Selfs al sou die predikant die kuns verstaan om nie voortdurend met sy oë aan die manuskrip gebonde te bly nie, verbreek en versper die geskrewe preek 'n werklike kommunikasie tussen hom en die gemeente. Daar is ook 'n groot verskil tussen skryftaal en gespreektaal: "Die gesproke woord het sy eie ritme en digtheidsgraad. Die beginsel van redundansie tree daarby in werking, dit wil sê, die beginsel dat ons in spreektaal 'n omhaal van woorde gebruik om iets te sê wat op papier baie korter geformuleer kan word .... Daarvoor is nodig dat hulle op 'n meer totale manier aangespreek moet word as wat deur middel van saaklike en beknop-geformuleerde mededelinge moontlik is. Die gemeente moet onder andere ook emosioneel in beweging gebring word deur wat hulle hoor. Hiervoor is die spontaan-gesproke woord met sy rykdom aan toon en aksentwisseling, met sy vermoë om meer te sê as wat daadwerklik uitgespreek word, uitnemend geskik" (Jonker, 1976, bl 108).

Met vrye voordrag word nie bedoel dat die geskrewe preek woor-

deliks gememoriseer moet word nie. Dit lei tot 'n krampagtige spanning vir gemeente en prediker. Dit is dan 'n lesing of voordrag, maar ook nog geen preek nie – daarby is die risiko groot dat die prediker een of ander tyd iets gaan vergeet! 'n Volgende noodsaaklike regstelling is dat vrye oordrag nie beteken dat die prediker sonder behoorlike voorbereiding en sonder 'n uitgewerkte preek, op die kansel moet gaan improviseer nie! Vrye oordrag is geen kortpaadjie of maklike uitweg nie. Die voorafgaande studiewerk bly dieselfde, die volledige uitwerk en uitskryf van die preek bly essensieel. Wanneer die predikant die uitgewerkte preek voor hom het, moet hy dit nie woordeliks nie, maar wel inhoudelik tot sy eie maak – die kerugmatiese struktuur van sy preek, sy gedagtegang moet helder voor hom staan. Die prediker kan dan 'n paar hoofgedagtes in 5 tot 10 punte neerskryf, wat hy op die preekstoel kan gebruik indien hy die draad van sy preek kwytraak.

Wanneer hy só vertroud is met die inhoud van sy preek, kan hy dit aan die gemeente vry gaan oordra. 'n Prediker moet in sy oordrag ingestel wees op die reaksie van sy gehoor. Gesiguitdrukkings en houdings verraai of die prediker daarin slaag om met die gemeente te kommunikeer. Die vrye oordrag bied die prediker die geleentheid om op sy gehoor te reageer, deur in die kommunikasiegebeure sekere dinge meer te beklemtoon of daarop uit te brei, of wanneer hy merk dat hy die gemeente se aandag verloor, te sorg dat hy daarop reageer.

"As die prediker homself heeltemal tot beskikking van sy boodskap stel en in die totaliteit van sy persoonlikheid daardeur beweeg word, sal hy vind dat hy gedurende die preek deur sy boodskap gedra word. Onder die kragtige hand van die Heilige Gees sal hy die gemeente kan beweeg om te sien wat hy sien, te voel wat hy voel, en te glo wat hy glo. Eers dan is hy werklik 'n getuie vir die Woord van God wat bereid is om homself op die spel te plaas vir die waarheid van die dinge waaroor hy getuig" (Jonker, 1976, bl 108).

## 5. Evalueringsmoontlikhede

Die preek as monologiese gebeure kan in die lig van wat hierbo gesê is, tog dialogies van aard wees. Indien dit realiseer, sou baie besware in verband met die onbetrokkenheid van lidmate by die preekgebeure verval. Daar bly egter nog een aspek wat deur die kom-

munikasiekundiges uitgewys word, waaraan ons aandag moet gee, naamlik die sogenaamde "terugkoppeling" of "feedback".

In enige kommunikasiesituasie moet hierdie moontlikheid ingebou word vir effektiewe kommunikasie. Ons kan die "terugkoppeling" ook aandui met die begrip evaluasie, omdat dit daarom gaan dat "sender" en "ontvanger" wil evalueer en kontroleer, of die "boodskap" gekommunikeer het. Teologies gesien bly dit 'n gevaarlike onderneming om die oordrag en kommunikasie-effek van 'n preek te evalueer. Hier staan ons telkens voor die misterie van die werking van die Heilige Gees, dat selfs deur middel van 'n preek, wat volgens die vereistes van die kommunikasiekunde nie geslaagd was nie, die wonder van geloof tog by mense kan plaasvind. Dit mag ons egter nooit as 'n verskoning gebruik om nie die kwaliteit van ons "mensewerk" as deel van hierdie misterie, te wil evalueer nie. In ons presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel is die moontlikheid en noodsaaklikheid van preekevaluasie reeds ingebou deur middel van die opsigtaak van die ouderling oor die woordverkondiging, die praktyk van kerklike visitasie en jaarverslae wat ook navraag doen oor die kwaliteit van die prediking. Miskien moet ons begin om weer hierdie formele moontlikheid beter te ontgin.

Feit is dat daar tog die moontlikheid van evaluasie, terugkoppeling tussen prediker en gemeente moet wees, anders bevind die prediker hom dalk in 'n vakuum. Hierdie evaluasie kan op verskillende maniere plaasvind.

### *5.1 Tydens huisbesoek*

Die pastoraat bied 'n gulde geleentheid vir evaluasie van die prediking. Maak 'n punt daarvan om tydens huisbesoek te probeer vasstel of die preek van Sondag gekommunikeer het. Probeer ook vasstel of die preekdoel bereik is – dalk het daar iets totaal anders oorgekom as wat in die preekdoel geformuleer was. Tydens die pastoraat kan die predikant die openheid by die gemeente kweek om met vrymoedigheid oor die preek te praat, nie net deur komplimente nie, maar ook deur kritiese vrae. Die pastoraat is ook vir die predikant die evalueringsmoontlikheid om te bepaal of hy as mens nog die vrae en lewensnood van sy mense ken en begryp en dit in die prediking dialogies-konkreet reflekteer.

### *5.2 Gespreksgroep rondom die prediking*

Dit sou goed wees om van tyd tot tyd 'n gespreksgroep byeen te

bring, verteenwoordigend uit die kerkraad en gemeente (ten opsigte van geslag, ouderdom, huwelikstaat, ens) om te praat oor 'n preek van 'n bepaalde Sondag. Hierdie gespreksgroep kan eers ingelig word in verband met die doel en betekenis van terugkoppeling of evaluering. Hierdie gespreksgroep kan weer van hulle kant af aan die predikant die terugvoering gee oor vrae wat by die gemeente rakende die prediking heers.

5.3 *Evalueringsvraelys*

Die predikant kan ook soms by wyse van 'n evalueringsvraelys die bg gespreksgroep, of 'n deel van die gemeente in die erediens, of die kerkraad vra om so 'n vraelys te voltooi. So 'n vraelys kan onder andere die volgende vrae bevat:

1. Noem enige aspek wat in die optrede van die predikant op die kansel steurend was.
2. Kan almal die predikant goed hoor?
3. Was die prediker deurgaans verstaanbaar?
4. Noem onduidelike formulerings of moeilike woordkeuses.
5. Het die prediker u deurgaans geboei?
6. Watter riglyne het die preek u gebied vir die praktiese uitlewing van u geloof?
7. Het die prediker voldoende oogkontak met die gemeente gehad?
8. Skryf in ongeveer 20 woorde die kerninhoud van die preek neer.

Laasgenoemde vraag is daarop gemik om te bepaal of die preekdoel wat die prediker vir homself geformuleer het, werklik in die prediking so oorgekom het.

Preekevaluasie is 'n moeilike en sensitiewe saak, maar as die predikant 'n openhartige houding openbaar, kan dit daartoe bydra dat dit die prediking vrugbaar stimuleer.

## SLOTOPMERKINGS

Die bywoning van eredienste wek kommer en dit sal na aanleiding van tendense oor die wêreld, ook hier by ons waarskynlik nog vererger. Daar mag verskeie oorsake wees wat hiertoe aanleiding gee. Hierdie aspekte sal ook deur die kerk indringend ondersoek moet word. Wat die oorsake ook al mag wees, laat ons as Dienaars van die Woord alles in ons vermoë doen om te sorg dat die prediking en

erediens nie 'n gebeure word wat die kontak met God se mense in die wêreld verloor het nie. As die mens vanaf die eerste woord wat in die prediking val, besef dat hierdie Woord hom aanspreek, as die mens ontdek dat hy by hierdie woordgebeure eksistensieel betrokke is, as hierdie Woord vir hom duidelik die konsekwensies vir sy lewe van Maandag tot Saterdag uitspel, as hy aanvoel dat die prediker self deur die blydskap van hierdie verlossing aangegryp is, as die sang en gebed en belydenis van die gemeente tintel van dankbaarheid en gedra word deur ootmoed, as die klein mannetjie die "Groot Woord" met sy hele menswees oordra na die beste van sy vermoë, as die Heilige Gees dit alles in sy diens wil gebruik, sal die erediens en prediking weer die hartklop wees in die lewe van elke gelowige. Mag hierdie besinning daartoe bydra!

In die studie word daar vrylik uit ondergenoemde bronne aangehaal. Hierdie bronne kan ook vir verdere agtergrond geraadpleeg word.


AG van Aarde, *Die weg van die teks na die preek,* voordrag gehou voor die HTV, 21 Oktober 1983.

AC Barnard, *Die Erediens,* NG Kerkboekhandel, 1981.

R Bohren, *Prediglehre,* München, 1974.

JI de Wet, *Inleiding tot die Praktiese Teologie,* ongepubliseerde kernaantekeninge.

GJ Hoenderdaal, *Riskant spel, liturgie in een geseculariseerde wereld,* 1977.

H Jonker, *Actuele prediking,* Nijkerk, s j, tweede druk.

WD Jonker, *Die Woord as opdrag,* NG Kerkboekhandel, 1976.

JJ de Klerk, *Prediking,* NG Kerkboekhandel, 1977.

HJC Pieterse, *Skrifverstaan en prediking,* NG Kerkboekhandel, 1979.

W Schutz, *Vom Text zur Predigt. Analysen und Modelle.* Witten, 1968.

J Thomas, *Homiletische hulplijnen.* Boekencentrum, 1976.